

SKRIFGEDEELTE: DANIËL 3:13-26

FOKUSGEDEELTE: DANIËL 3:17, 18

Asarja/Abednego – Ek sal net die ware God dien, selfs al moet ek daarom sterf!

Asarja was een van Daniël se drie vriende wat saam met hom in ballingskap na Babel weggevoer is. Koning Nebukadneser wou hulle beïnvloed om soos Babiloniërs te dink en op te tree. Daarom is selfs hulle name verander.

Asarja se naam het beteken *Jahweh* (die Verbondsgod) help. God se naam word egter uit sy naam verwyder en sy naam word verander na Abednego, wat beteken: die een wat die blink een dien. 'n Duidelike verwysing na 'n afgod. Só intensief was die proses waarmee die heidense koning die kinders van God wou beïnvloed om wêreldlinge te word.

In Daniël 3 lees ons van die beeld wat Nebukadneser laat oprig het met die bevel dat almal voor die beeld moet buig. Almal buig, behalwe Sadrag, Mesag en Abednego! Hieroor is Nebukadneser woedend, maar hy gee hulle nog 'n kans. In die geloof antwoord Abednego saam met sy vriende: “Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie” (vs 17, 18).

Daarmee sê hulle duidelik: Ons weet God kan ons red, maar Hy laat ook soms toe dat van sy kinders sterf tot sy eer. Daarom, selfs al sterf ons, ons sal nie 'n valse god aanbid nie! Selfs al beteken dit ons dood, ons sal net die God van die Bybel aanbid.

God het toegelaat dat hulle in die oond gegooi word, maar hulle het niks oorgekom nie! God het sy engel gestuur wat hulle in die oond gered het. So beskerm God sy kinders wat weier om valse gode te dien, selfs al word hulle met die dood gedreig!

Sing: Psalm 46:1